

Voorwoord

Die Franse filosoof Paul Ricoeur – wat in die gereformeerde tradisie grootgeword het – het dikwels sy seminare begin deur vir sy studente te vra: *D’où parlez-vous?* (Van waar praat jy?) “From where do you speak?” was dan ook die tema van ’n internasionale konferensie van die Society of Ricoeur Studies wat in Mei 2018 plaasgevind het. Die Universiteit Stellenbosch se Departement Filosofie en Fakulteit Teologie het as gashere opgetree. In hierdie uitgawe van *STJ* bied ons agt van die artikels aan wat as voordragte by dié konferensie gelewer is. Die artikel van Bernard Lategan (“Ricoeur in South Africa: Some remarks on his impact beyond philosophy”) was een van die hoofreferate.

Lesers met ’n belangstelling in die geskiedenis van die Afrikaanse filosofiese diskoers mag kennis dra van Pieter Duvenage se boek *Afrikaanse filosofie: Perspektiewe en dialoë*. ’n Resensie-artikel in hierdie uitgawe deur Dirk Louw tree met Duvenage se boek in gesprek.

Verder sluit ons sewe artikels in wat oorspronklik by ’n konferensie van die *International Colloquium for the Study of the New Testament (ICSNT)* gelewer is. Hierdie konferensie is in Junie 2018 by die Fakulteit van Teologie en Godsdiens aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein aangebied. Die *ICSNT* het dit ten doel om hoë-vlak wetenskaplike ondersoeke in die Nuwe Testament aan te moedig. Die tema van die kollokwium was “God in the New Testament”. Die referate het almal by hierdie tema aangesluit. Verskeie *corpi* van die Nuwe Testament het aandag ontvang, soos Pauliniese en deuteropauliniese teologie, die Handeling van die Apostels en die Johannes-evangelie. Een referaat (dié van Rian Venter) het die tema vanuit ’n sistematies-teologiese perspektief belig. ’n Spesiale woord van dank aan professors Jan-Albert van den Berg en Francois Tolmie wat die gesredakteurs vir hierdie deel van die tydskrif was.

Naas bogenoemde artikels sluit ons ’n verdere negentien portuur-geëvalueerde akademiese artikels in wat aan ’n verskeidenheid teologiese temas aandag gee. Die artikel van Dirkie Smit, getiteld “‘Hope for even the most wretched?’ On remembering the Reformation” verdien spesiale vermelding. Dit was ’n lesing wat met sy aftrede saamgeval het. Die lesing is by ’n konferensie in Oktober 2017 op Stellenbosch oor die 500-jarige

herdenking van die Protestantse Reformasie gelewer. Na sy aftrede is Smit as professor by Princeton Teologiese Seminarium aangestel. In Maart 2018 lewer hy daar die Warfield-lesings, wat aanlyn by <https://soundcloud.com/princeton-seminary/sets/2018-annie-kinkead-warfield-lectures> beskikbaar is.

Robert Vosloo

Redakteur: *STJ*